

Nuusbrief

November 2016

Ons kyk terug na 'n ongelooflike jaar!



Ek kan nie glo dat ons al in die middel van November is nie! Tyd het net gevlieg en intussen het daar so baie dinge gebeur waarvoor ons net dankbaar kan wees!

Ek is ongelooflik dankbaar dat ons dak uiteindelik herstel is, met al die storms en baie reën wat ons gehad het, sou ons dak beslis nie gehou het nie. Die laaste

rukkie het ons stutbalke gebruik om gedeeltes van die dak te stut, anders het dit al ingetuimel. Hierdie was gedoen met geld wat ons oor 'n tydperk gespaar het en is ons ongelooflik dankbaar vir Anton Coetzee wat hierdie groot werk aangepak het en vir ons geen arbeid gevra het nie! Vir die eerste keer in jare voel ons werklik veilig en het ons nie emmers oraloor om water op te vang nie!

Die tweede ding wat uitgesorteer is, is ons krag. Na 10jr se gesukkel met krag wat bly trip en toe die laaste jaar wat dit sommer direk by die paal getrip het, is ons krag Saterdag uitgesorteer. Ons het partykeer tot 3 dae sonder krag gesit en met hierdie handvol kinders was dit maar 'n ander storie en het hierdie uitdaging party dae net te veel geraak. Nou kyk ons net na verskillende opsies om minder krag te gebruik soos bv ons geysers, gaan solar help of nie en die kostes moet darem aan die einde van die dag die moeite werd wees om 'n verskil aan ons kragrekening te maak! Ons kragrekening beloop tans R10 000 per maand en probeer ons waar moontlik kostes bespaar aangesien ons tans geen subsidie van die Staat af ontvang nie.

Ek kan nie vir julle my verligting beskryf nadat hierdie twee groot kopsere uiteindelik uitgesorteer is nie!! Ek is net ongelooflik dankbaar!

Met ons kinders was dit maar 'n wipplank jaar van vele emosies. Wanneer kinders hul tienerjare bereik is daar baie

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

Bankbesonderhede:


Naam: Ki-Deo

Rek no.: 408 766 5914

Takkode: 632 005

E-mail bewys van betaling na
theresag@ki-deo.co.za

Ons is 'n geregistreerde welsynsorganisasie met die nodige NPO asook BEE sertifikate en kan ons 'n artikel 18A sertifikaat uitreik wat gebruik kan word vir belastingdoeleindes.



keer soveel emosies wat weer begin kop uitsteek. Die seer van die verlede kom lê sommer so pens en pootjies bo-op alles en word hulle dan van vooraf herinner en gekonfronteer met al die goedjies wat hulle eerder wil vergeet. Baie seer en baie trane, maar weet ons dat Jesus die genesingswerk in elkeen van hierdie hartkinders se lewens sal doen. Dalk is dit partykeer goed as die rofies afkom en ons weer deur alles kan werk, alles deel van gesondword! Die slegste vir my is wanneer hulle bekommerd is oor hul ouers, wat sê jy dan vir hulle??

Ek is so trots op ons kinders, ten spyte van al die seer en uitdagings presteer hulle ongelooflik goed. Ons een dogter het die afgelope tyd deur soveel dinge gegaan, was dit werklik 'n baie moeilike jaar vir haar. Maar ek is so dankbaar vir haar "fighting spirit" en dat sy nooit moed opgegee het nie, sy het soveel sterker terug baklei en het sy akademies net al hoe beter begin doen, kon sy spog met 'n gemiddeld van 81% verlede kwartaal en is sy ook verkies tot leier! Sy is ons 8ste leier in die huis! Hoe ongelooflik is dit nie!

Ons kinders kom uit geweldige trauma en word hulle nog geteister deur nagmerries, voel hulle partykeer bang, maar weet nie werklik waarom hul bang voel nie, omrede hulle soveel slegte goed net blok en dit nie wil onthou nie! Intussen is ons besig met 'n hofsaak en vertrou dat Jesus sal gee dat die persoon skuldig bevind sal word, dat geregtigheid sal geskied en dat ons kindjie sterk sal wees, nie geïntimideer sal word deur die prokureur nie, geloofwaardig in elke opsig en dat sy as wenner hieruit sal stap! Dat sy sal weet dat mense haar geglo het en dat sy nooit weer bang hoef te wees nie, want die persoon sal weggesluit word waar hy nie weer die verkeerde aan onskuldige kindertjies kan doen nie! Dit was vir haar so bitter erg om vir ons te vertel en alles wat agterna gevolg het, was bitter traumaties, maar was sy so dapper en ek weet dat met Jesus aan haar kant ons hierdie hofsaak gaan wen! Bid asseblief baie ernstig saam met ons vir hierdie spesifieke saak, die kruisondervraging kom nou vinnig nader!

Maar van die slegte na die goeie! Ons is trots op ons ander meisiekind, ook een wat 'n leier die jaar was, sy het die junior netbalspeler van die jaar toekenning gekry en was ook die enetjie wat namens al die graad 7's hul graadvoog en ander onderwysers bedank het. Hier het hierdie kleine mensie, want sy is net 'n baksteen en 'n half hoog, gestaan en met soveel selfvertroue die bedanking gedoen! Ek was so ongelooflik trots op haar en het die trane sommer net lekker geloop! Sy is al 8jr by ons en het sy deur soveel trauma gekom, was sy 'n baie stukkende kindjie, maar vandag is sy 'n ongelooflike gewilde kind by die skool, sterk leierseienskappe, selfvertroue en werk sy so hard en is ek trots op elke toekenning wat sy ontvang het!

Ons ander meisiekind wat in dieselfde skool is, is ongelukkig nie gekies as leier nie en dit was maar bitter seer! Alhoewel sy 'n ongelooflike mensie is, en soveel ander goeie eienskappe het, het sy nie die nodige sterkte om 'n leier te kan wees nie. Sy

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

gaan op die oomblik deur 'n baie slegte tyd in haar lewe, maar ten spyte daarvan het sy ook uitgestaan, soveel toekennings ontvang en het sy ook haar eie bybelstudie groepie begin. Hierdie ou dogtertjie is deur so baie, en al is dinge vir haar nog baie sleg en deurmekaar, weet ons dat dit beter sal gaan, sy doen goed waar sy gemaklik voel en is 'n ware wenner wat nie maklik moed opgee nie! Almal kan ongelukkig nie leiers wees nie, maar sy lei deur voorbeeld en kan sy leiding neem op soveel ander gebiede, is sy die een wat altyd vir my koffie aandra, hard op haarself, en werk ons maar elke dag aan haar selfbeeld. Al vat dit langer, weet ons dat sy ook met tyd, Jesus se volkome genesingswerk in haar lewetjie sal ervaar en sal sy as 'n gesonde dogtertjie haar volle potensiaal kan bereik.

Ons een laerskool se hoof tree af en weereens is een van ons kinders gekies, dit is nou ons jongste dogtertjie, om die bedanking te doen. Hoe trots kan ons nie op ons kinders wees nie?? Hulle word raakgesien, staan hulle uit en doen hulle net so ongelooflik goed! Ook maar 'n seer jaar vir haar met baie hoekoms en waaroms, en al wat ons kan doen is om baie liefde te kan gee en daar vir haar te kan wees. Dit breek my hart om te sien wat ouers aan kinders gedoen het en die gevolge daarvan op hul lewens en laat dit soveel emosionele skade! Maar is dit 'n groter vreugde om te sien hoe hierdie mensies kan opstaan uit al die seer, al moet hulle nog baie "battle's fight", maar as absolute wenners opstaan en presteer op soveel gebiede!

Ons harte was ook baie seer, ons jongste seuntjie, nou 5jr oud het sy eie hartsamma en pappa gekry en wat 'n groot geskenk was dit nie! Dit is die eerste keer in 11jr wat ons 'n kind in pleegsorg plaas en is die prosesse nog aan die gang, maar al is ons harte seer en mis ons hom, weet ons dat Jesus hierdie baie spesiale mamma en pappa "gehand-pick" het, spesiaal net vir hom! Dit gaan baie goed met hom en is hy nou in 'n nuwe skool, bly in 'n ander provinsie maar het ons darem nog kontak met hom. Hy gaan nou wonderlike geleenthede kry en soveel aandag en liefde dat hy nie anders sal kan as om te floreer nie!



Die boetie het by ons agtergebly en al is dit soms hartseer om kinders te skei, was dit goed in die geval. Partykeer is kinders mekaar se triggers en herinner hulle mekaar aan al die sleg waardeer hulle is. So met ons boetie-lief van 7jr wat agtergebly het, gaan dit ook baie goed, hy gaan volgende jaar graad 1 toe, geniet sy skool, is baie lief vir sy juffrou en is dit net wonderlik om te kan sien hoe dooie ogies weer lewendig geword het, hoe gelukkig hy is en is Jesus werklik besig om hierdie baie spesiale seuntjie gesond te maak! Daar is maar nogsteeds slegte dae, maar dit is min en het hy pens en pootjies, vierkantig kom neskop in my hart! 'n Baie baie spesiale seuntjie!

Met die ander hoërskool kinders gaan dit regtig goed, almal skryf eksamen, raak hulle verlief en loop met hul koppe in die wolke, kom dan partykeer weer vinnig terug

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

aarde toe, maar kan hulle net normale tieners wees. En, beslis nie moeilike tieners nie! Love hierdie kinders van my en altyd so lekker om net laf saam met hulle te kan wees of ander kere om weer oor die meer ernstige dinge van die lewe te kan gesels, om werklik die pad saam met elkeen van hulle te kan stap, is hulle kinders met



soveel potensiaal en weet ek dat hulle suksesvol sal wees in alles wat hulle aanpak, want hulle is ware wenners!

Ons matriekdogter het ongelooflik stunning gelyk met die matriekafskeid, dankie Dennis Lloyd vir haar rok en elke ander persoon wat betrokke was om haar dag so spesiaal te maak het. Sy werk hard vir die eksamen en gaan volgende jaar Haarversorging by Centurion Akademie swot. Ons het 'n ongelooflike sponser gekry wat haar studies vir haar gaan betaal

en bly sy dan ook nog by ons aan!

Daar het julle nou al die nuus van ons kinders en is hulle nie net ongelooflik nie???

Dankie vir almal wat help om ons huis 'n huis vir ons kinders te maak, dat julle altyd daar is vir ons. Dit is beslis nie altyd maklik nie, veral in tye wat ons nie subsidie van die Staat af ontvang nie, en mense is net altyd bereid om te help. Emosioneel, sal ek sekerlik nooit gewoond raak aan al die seer nie en huil hierdie mamma baiekeer saam met hulle, maar jubel ons oor elke oorwinning en is dit net so wonderlik om hul hartmamma te kan wees!

Ons het nogsteeds baie behoeftes maar beplan ons ook verskeie fondsinsamelings vir volgende jaar: Behoeftes is soos volg:

- Skoolgelde vir ons graad 1 seuntjie wat na 'n Privaat Skool moet gaan omrede hy nie voorheen in 'n skool was nie en tans agterstande het, maar is hy besig om mooi in te haal. Klasgelde beloop R1 850 per maand.
- Die huis moet binne en buite geverf word. Moet nog kwotasies kry.
- Besig om te kyk na solar verhitting en of dit sal help om krag te bespaar.
- Sponser a child: Wil graag 'n persoon hê wat betrokke kan raak by 'n kind en maandeliks help met toiletware vir die spesifieke kind.
- Kinderpartytjies: Indien jy op enige manier hier betrokke wil raak
- Help met huiswerk in die middag: 15h30 – 17h30 (huiswerktyd)
- Skryfbehoeftes
- Skoonmaakprodukte en kruideniersware
- Wish List: Inbou van ons Jacuzzi wat tans buite staan en bou van buite braai.
- Stoepkamer moet gordyne kry en wil ons dit net bietjie mooi maak nadat die dak herstel is.
- Gasstoof wat ingebou moet word en brandplan wat uitgereik moet word.

Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo

- Finansiële maandelikse bydraes om ons begroting te laat klop, veral noudat ons alweer nie subsidie ontvang nie! Ons benodig ongeveer R50 000 per maand om ons uitgawes te dek, dus sal enige donasie, hoe klein ookal, help om 'n verskil te maak.

Ons is 'n geregistreerde welsynsorganisasie met die nodige NPO nr asook BEE sertifikaat (82%) aangesien ons deel is van die Umephi projek en kan ons 'n artikel 18A sertifikaat uitreik vir belastingdoeleindes.

'n Groot dankie aan elkeen wat hierdie jaar betrokke was by Ki-Deo, ons sou dit beslis nie sonder julle kon doen nie. Ons is gebless om julle in ons lewens te kan hê! Mag julle 'n wonderlike feesgety saam met jul families hê, en dat ons altyd sal onthou dat as dit nie vir Hom was nie, ons nie kon wees wat ons vandag is nie. In Hom het ons hoop en 'n toekoms en mag jy altyd vashou aan Sy beloftes want dit is wat ons elke dag in ons huis beleef, staan ons elke dag in die geloof en is Hy ons Voorsiener!

Blessings!

Theresa

Dankie aan almal wat ons vakansie help moontlik maak het, die kinders het dit ongelooflik baie geniet! Ten spyte van 'n inbraak in die huis en persoonlike besittings en geld wat gesteel is, het almal dit vreeslik geniet!



Kontakbesonderhede: 083 696 8600 of 012 644-2524

E-pos: theresag@ki-deo.co.za

www.ki-deo.co.za

FB: Ki-Deo